# ‘IN U LIG’: Die PU vir CHO

## *van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004*

Uitgegee deur die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

2005

Kopiereg: © Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Buitebladontwerp en uitleg deur Polar Design Solutions

Gedruk en gebind deur D.Com

Eerste Uitgawe, eerste druk 2005

ISBN

**1-86822-466-X**

# Proloog

‘In U lig’: PU vir CHO van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004

Die PUK as instelling het ‘n beskeie begin gehad in Burgersdorp in 1869. Hierdie instelling het met die regte steun en insette ontwikkel tot ‘n universiteit wat tans een die vyf grootstes in die land is. Die PUK moes ook toegee aan die onvermydelike winde van verandering, en het sy naam moes prysgee om te herrys as die Noordwes-Universiteit - met baie van dieselfde mense, dieselfde hoë ideale en ‘n nuwe daadkrag om die ideale en drome van die ou PUK te bly verwesenlik binne die konteks van die nuwe universiteit.

Om die ou PUK op te teken, vas te vang in woord en beeld, is gesien as gebiedend noodsaaklik, en daarom het die bestuur van die Universiteit oor die loop van die afgelope dekade middele en deskundigheid belê in die projek om die PUK se trotse, hartseer en hoogs interessante geskiedenis te boekstaaf. Die resultaat van hierdie droom van die universiteit is die publikasie van vier boeke. Daar is die informele, “lekker” geskiedenis van die PUK wat vasgevang is in twee bande *Sages en Legendes ... en ander lekker stories*, geskryf deur prof. Piet van der Schyff met die entoesiastiese medewerking van ‘n horde oud-Pukke, en dan is daar, die formele geskiedenis van die PUK, opgeteken in twee omvattende bundels. Die eerste hiervan, ook geskryf deur prof. Piet van der Schyff, is in 2003 gepubliseer met die titel *Wonderdaad*! ... Die titel is ontleen aan die woorde van die Alma Mater en is die geskiedenis van die PUK vanaf die beskeie begin tot en met die onafhanklikwording van die Universiteit in 1951.

Die daaropvolgende volume is geskryf deur ‘n span skrywers onder die redakteurskap van prof. Elize van Eeden, wat ook groot dele self geskryf het. Hierdie is tematies saamgestel in ‘n poging om die enorme omvang van die PUK se geskiedenis tussen 1951 (onafhanklikheid) en 2004 (volle samesmelting) op skrif te stel.

Die boek se omvang is selfs groter as die van *Wonderdaad!* Daar is besluit dat die titel van hierdie boek niks anders kan wees as *In U Lig* nie - dit verteenwoordig daardie tydperk in die PUK se geskiedenis waar die “van” van die Universiteit voorop kon staan en die PUK definieer as ‘n karakteruniversiteit van formaat, met ‘n duidelike stem wat uit Potchefstroom opgeklink het.

Die boek eindig met die storie oor die samesmelting van die ou PUK en die vorige Universiteit van die Noordweste (vroeër die Universiteit van Bophuthatswana). Daar word aangedui hoe die onderhandelinge verloop het in ‘n proses afgedwing deur die owerhede, en hoe die nuwe, universiteit sy beslag gekry het, met sy eie raad en eiesoortige bestuurstruktuur. Die toekoms sal leer hoe hierdie Universiteit homself gaan posisioneer in die nuwe Suid-Afrika.

Met die verlies aan die CHO in die naam van die nuwe universiteit het dit algemeen geword om te sê dat die CHO van die hek afgehaal is, maar leef in die harte van die mense. Die ideaal van die skrywers van hierdie boek is dat die inspirerende geskiedenis van die PUK, soos te boek gestel in hierdie volume, uiteindelik gaan help om die rigting van die Universiteit te bepaal en te rig.

Annette Combrink

KAMPUSREKTOR

Februarie 2005

# DIE PUK: MEER AS 50 JAAR







Alabama, Thalia, Intervarsity en die PU-Kaner



P.W. Vorster - Kanselier
1980 - 1981



H.J.J. Bingle - Rektor
1964 - 1977
Kanselier
1981 - 1991



J. de Klerk - Kanselier
1961 - 1979



J. Chris Coetzee - Rektor
1954 - 1963



Vaaldriehoekkampus gevestig
1972



PUK-embleem
1952 - 1991



F.J. du Toit - Kanselier
1954 - 1961



Maria M. Potgieter
(neé Rautenbach)



Gebou-ontwikkeling, 1950's-1960's



J.C. van Rooy - Rektor
1951-1953



"Prof" Bossie

- 17 Maart 1951- Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verkry self-standige tersiêre status.
- 19 April 1952- Die eerste gradedag van die PUK
- 4 Augustus 1956- Kafeteria geopen
- 1961- Die benaming "oudstudenttebond" vir die eerste keer gebruik
- 1969- Die PUK vier sy 100- jarige bestaan.
- 1973- studente van kleur word op nagraadse vlak toegelaat.
- 1974- Die Universiteit die eerste om 'n internasionale konferensie oor CHO aan te bied.
- 1975- Die rekenaar vir die eerste keer volskaals in navorsing gebruik.
- 1978- 'n voltydse viserekter vir die eerste keer benoem.



J.D. du Toit (Totius) - Rektor
1951-1953



Gebou-ontwikkeling
1950's - 1960's



Studentepret



Unisagebou en selfstandigwording




PUK-embleem
1951



Ferdinand Postma - Rektor
1921 - 1951

# IN 'N NEUTEDOP, 1951-2004



T. van der Walt - Rektor
1978 - 1988



F.W. de Klerk - Kanselier
1992 - 1998





Uitsonderlike
sportpresteerders



C.J. Reinecke - Rektor
1989 - 1998



D.C. Cronjé - Kanselier
1999 - 2003

PUK-embleem
1992 - 2004



Marlize Kruger, 1989
Die eerste damesvoorsitter
op die PUK-Kampus



Barend Visser



T. Eloff - Rektor
2002 - 2003
Institusionele Visekanselier
2004 -




P.J.J. Prinsloo
Vaaldriehoek Kampusrektor
2004 -

- 1983 - die eerst Lentegradeplegtheid van die PUK word aangebied.
- 1986 - Die PUK vir alle kleurgroepe oopgestel
- 1987 - Dans (Sokkie) op die PUK goedgekeur
  - die eerste swart dosent word aangestel
  - Koshuise vir alle kleurgroepe oopgestel
- 1995 - Die telematiese leerstelsel gevestig
- 1997 - Prof. Madoda Shadrack Zibi word as eerste swart viserektor benoem
- 2003 - Die samesmeltingsproses tussen die PU vir CHO, die Universiteit van die Noord-weste, die Vista Sebokeng-kampus en die Vaaldriehoekkampus bekragtig
- 2004 - Prof. Annette Combrink as eerste Kampusrektor vir die PUK binne die NWU-bestuurstruktuur benoem.



Bekende navorsers



Marius Potgieter



Harm Moraal



A.L. Combrink
PUK-Kampus Rektor
2004 -

NWU-logo
2004






N. D. Kgwadi
Mafikeng Kamusrektor
2004 -

# INHOUD

VOORWOORD i

PUK- SPIEËL; VERNAME MOMENTE UIT DIE PUK-VERLEDE, 1951-2004 xi

**HOOFSTUK 1: VERBY DIE WONDERDAAD ..., TOT 'N GROTER TOEKOMSVISIE**

1.1 Die PUK: 1951-2003 in 'n neutedop 3

1.2 Metodologie en hoofstukinhoud 12

1.3 Algemeen 19

**HOOFSTUK 2: DIE ONTWIKKELING VAN DIE UNIVERSITEITSWESE - IN BESONDER IN SUID-AFRIKA**

2.1 Die Westerse universiteit tot aan die einde van die 19de eeu 24

2.2 Die 20ste-eeuse universiteit 28

2.3 Universiteite in Afrika 31

2.4 Karakter-universiteitsinstellings 33

2.5 Ontwikkeling van universiteite in Suid-Afrika 33

**HOOFSTUK 3: BELEID- EN BESTUURSTRUKTURE**

3.1 Beleidstrukture 44

3.2 Ampsverpligtinge binne die vernaamste bestuursposisies sedert 1951 50

3.3 Bestuursbenaderings van rektore binne tydsgegewe eise 56

**HOOFSTUK 4: ONTWIKKELING OP ONDERRIGGEBIED**

4.1 Onderrig aan student-tendense 94

4.2 'n Akademiese struktuur vir die onderrigproses sedert 1951 96

4.3 Die ontwikkeling van fakulteite - 'n oorsig 103

4.4 Akademiese herstrukturering sedert 1990 131

4.5 Die onderrigstelsel 143

4.6 Die rol van die Christelike grondslag 145

4.7 Die eksterne status van die PUK ten opsigte van onderrig 146

## HOOFSTUK 5: NAVORSING AAN DIE PUK


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Navorsing en die bestuur van die proses in die vyftigerjare | 150 |
| 5.2 | Befondsingskanale | 151 |
| 5.3 | Navorsingsontwikkeling: die instituutstelsel | 152 |
| 5.4 | Die funksionering van navorsinginstitute, 1951-1977 | 154 |
| 5.5 | Klemverskuiwings in navorsing, 1978-2004 | 174 |


## HOOFSTUK 6: PERSONEELONTWIKKELING


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Grootte en samestelling van die personeelkorps | 196 |
| 6.2 | Personeeldienste | 208 |
| 6.3 | Diensvoorwaardes | 211 |
| 6.4 | Arbeidsbenaderings en arbeidsverhoudinge | 215 |
| 6.5 | Personeelorganisasies | 224 |


## HOOFSTUK 7: DEEL 1-STUDENTELEWE OP DIE PUK-KAMPUS: DIE STUDENTERAAD EN KULTUURBEDRYWIGHEDE


| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Die PUK-Studentekorps, 1951-2003: ‘n statistiese ontleding | 234 |
| 7.2 | ‘n Gestruktureerde studentelewe gevestig | 235 |
| 7.3 | Studenterade | 245 |
| 7.4 | Die kultuursentrum van die PUK | 295 |


## HOOFSTUK 7: DEEL 2-STUDENTELEWE OP DIE PUK: SPORTAKTIWITEITE EN KOSHUISLEWE


| | | |
|---|---|---|
| 7.2.1 | Sportontwikkeling, 1951-2004 | 313 |
| 7.2.2 | Koshuise, 1951-2004 | 340 |


## HOOFSTUK 8: ONDERSTEUNINGSDIENSTE


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Die funksies van ‘n registrateur | 372 |
| 8.2 | Universiteitsadministrasie | 375 |
| 8.3 | Dienste onder toesig van die Registrateur: Akademiese ondersteuning en bestuursinligting | 376 |

8.4 Ondersteuningsdienste onder beheer van die Registrateur: Finansies en Bedryf 382

8.5 Sommige van die ondersteuningsdienste onder die Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie 388

8.6 Ander ondersteuningsdienste 396

8.7 Museum- en argiefontwikkeling 396

8.8 Skakeling 398


## HOOFSTUK 9: TERREIN- EN GEBOU-ONTWIKKELING


9.1 Beplanning, komitees en departemente 411

9.2 Die terrein 417

9.3 Terreinuitbreiding elders op die dorp 420

9.4 Terreinverfraaiing 421

9.5 Verkeer 424

9.6 Kampusbeveiliging 425

9.7 Geboue 427

9.8 Aanwending van woonerwe op die Ooskampus 454

9.9 Sportfasiliteite 454

9.10 Inkorporering van die Potchefstroomse Onderwyskollege 459

9.11 Uitdagings na 2003 460


## HOOFSTUK 10: ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS


10.1 Vaaldriehoek en sy inwoners: ‘n demografiese profiel 462

10.2 Gevorderde opleiding kry momentum 462

10.3 Ontwikkeling van die Vaalriviertak (Vaaldriehoekkampus) 466

10.4 Akademiese ontwikkeling 471

10.5 Navorsing 474

10.6 Personeel- en organisasiestruktuur 475

10.7 Ondersteuningsdienste 479

10.8 Studente-aktiwiteite 480

10.9 Sportaktiwiteite en kultuurverenigings 486

10.10 Terreine en geboue 496

10.11 Verhoudinge met die plaaslike gemeenskap 500

10.12 Skakeling met ander instellings vir tersiêre onderwys 502

10.13 Akademiese kundigheid in diens van die gemeenskap 502


## HOOFSTUK 11: DIE "STEM VAN POTCHEFSTROOM" IN DIE SAMELEWING


11.1 Stemme, denkrigtings en prosesse, 1951-2004- 'n oorsig 507

11.2 Die stem van die PU vir CHO in die Suid- Afrikaanse politiek 515

11.3 Die Stem van Potchefstroom binne die akademie en die Suid- Afrikaanse gemeenskap 520

11.4 Die 'CHO-van' van die PUK as 'n stem 524

11.5 Moedertaal- o skoonste taal 537

11.6 Die PU vir CHO op internasionale terrein 539

11.7 Die PUK midde in 'n veranderende onderrigmilieu 544

EPILOOG 546

BYLAE 550

ENDNOTAS 556

Hierdie boek word

opgedra aan elkeen wat gesorg het dat die PUK,

met trots,

geskiedenis maak

# VOORWOORD

Die PUK was met sy selfstandigwording in 1951 – na 82 jaar sedert dit as 'n teologiese skool 'n beskeie begin gemaak het – akademies kleiner as in 2004, aansienlik meer gefokus en waarskynlik gekenmerk deur hegte kollegiale bande wat vir jare volgehou is binne die strukture van 'n eenvoudige werksomgewing. Die verkryging van volwaardige universiteitstatus in 1951, na jare van swaarkry en somtyds gekenmerk deur 'n sukkelgangbestaan, het geleidelik van 'n groentjie in tersiêre opvoedingskringe 'n volwaardige universiteit gemaak. Dosente en studente wat in getalle toegeneem het binne 'n dinamies veranderende infrastruktuur het die PUK geheel anders laat uitsien as 136 jaar tevore. In baie opsigte was hierdie andersheid die ontluiking van die PUK tot 'n akademiese instelling sedert 1905 (toe vanaf Burgersdorp na Potchefstroom verskuif is) waarna dit besondere opgang gemaak het en blywende inslag gevind het op 'n verskeidenheid lewensterreine. Verdere institusionele veranderinge het ook gestalte gekry met die smee van nouer tersiêre bande op provinsiale vlak in 2003. Vanaf 2004 is begin om hierdie verandering te implementeer onder 'n nuwe vaandel – Noordwes-Universiteit (NWU). Die "ou" PU vir CHO sou van toe af net bekend staan as die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. In hierdie gedaante was die PUK-kampus in 2004 die grootste van die drie kampusse van die gesamentlike NWU.

Voorafgegaan deur die 125-jarige herdenking van die PUK se bestaan in 1994 en op 'n stadium toe belanghebbers nog nie eers bewus was van die besondere historiese geleentheid van universiteitskampusse wat in 2004 sou saamsmelt nie, het die behoefte ontwikkel om 'n omvattende wetenskaplike publikasie oor die Universiteit die lig te laat sien. Daarom dat die Universiteitsraad in 1995 die groenlig gegee het vir die skryf van die geskiedenis van die PUK. Dié stuk geskiedskrywing het eventueel sodanig ontwikkel dat 'n"eerste gedeelte" van die werk, geskryf deur prof. Piet van der Schyff en wat die periode vanaf 1869 tot 16 Maart 1951 dek, in Maart 2003 bekend gestel is. Vanaf 1998 is 'n aantal historici betrek by die skryf van die PUK-geskiedenis wat uiteindelik die periode vanaf die selfstandigheidwordingsdatum op 17 Maart 1951 tot November 2004 moes dokumenteer. Hierdie publikasie, 'IN U LIG': Die PU vir CHO, van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004, is die trotse en stewige resultaat daarvan. Die publikasiedatum daarvan val, heelgepas, saam met die 100-jarige herdenking van die PU-Kampus sedert die verskuiwing vanaf die Teologiese skool( Burgersdorp) na Potchefstroom.

My hartlike dank aan ondergemelde medewerkers wat met hulle kundigheid en kennis my taak om die eindproduk te finaliseer, vergemaklik het. Die uiteindelike resultaat is behaal met behulp van 'n ander uiters professionele en bekwame span: die buite-evalueerder, prof. O.J.O. Ferreira, die pynlik noukeurige en ervare taalversorger mev. Mariana Venter, die geduldige Martie van der Merwe (Rektorskantoor) wat veral vir die finale formatering verantwoordelik was, die besonder hulpvaardige PUK-argiefpersoneel (mee. Annettte Kelner, Johanna Bornmann en mnr. Japie Verhoef) sowel as Yzelle Viljoen en die onontbeerlike insette van Polar Design Solutions-span (Chritina Harman, Patrick Mocke, Heilene Oosthuizen en Karen Botes). Dankie dat julle vir 24-uur van die dag beskikbaar was en besondere geduld met die Redakteur gehad het.

Dan verdien proff. Annette Combrink (PUK-kampusrektor) en Piet Prinsloo (Vaaldriehoekkampusrektor) sowel as Albert Viljoen (Oudviserektor en aanvanklik die toesighouer oor die PUK-geskiedenisprojek) besondere vermelding vir hulle lojale en kundige leiding.

Laastens, maar by verre nie die minste nie, wil ek graag erkenning gee aan al die fotograwe wat oor dekades heen gesorg het dat die PUK in beeld vasgelê word (kyk die foto's en verwysings soos dit in hierdie publikasie benut is). Sonder julle sou die voorkoms van die publikasie maar bleek en oninteressant daar uitgesien het. Vergun my om wel die naam van mnr. Piet van Maarleveld (oftewel Piet Fotokuns) uit te sonder wat 'n buitengewone skat van foto's oor baie jare vir die PUK nagelaat het. Verder 'n besondere woord van dank aan die kunstenaar, Louisemarié Combrink, wat kosbare tyd afgestaan het om olieverfskilderye van die verskillende PUK-universiteitshoofde spesiaal vir hierdie publikasie te maak. So ook 'n hartlike dank aan Estée Kelner (Grafiese kunstenaar - argief) op wie ons altyd ontydig kon steun. Voorts ook 'n hartlike dank aan Santie Pieterse en Marilize van Rooyen (Grafiese Dienste kunstenaars) vir die besondere moeite met die kontrole van die foto's en die 1951 Puk-lugfoto. André Geldenhuis (Grafiese ateljee) het by twee geleenthede met moeite die PUK vanuit die lug vasgelê. 'n Gedeelte dan van die buiteblad is ook aan hom te danke.

Aan alle ander PUK-kollegas 'n hartlike dankwoord vir julle insette in 'n hoofstuk(ke), hetsy met die kontrole daarvan of die verskaffing van waardevolle inligting – dit was beslis 'n aanwins om sodoende die eindproduk 'n afgeronder voorkoms te gee. Aan alle ander oudkollegas en kollegas van die PUK (en diegene soos in die endnote vermeld) sowel

as die Bestuurskomitee (BK) wil ek my opregte dank betuig vir die samewerking en entoesiasme tydens die duur van die PUK-geskiedenisprojek. Sonder die BK se finansiële en simpatieke ondersteuning sou hierdie onderneming nie moontlik kon wees nie. Dit was 'n besondere voorreg om deel van hierdie uitsonderlike akademiese proses te wees.

Prof. Elize S. van Eeden (Redakteur)
***Medewerkers:***
Prof. G.N. van den Bergh
Prof. J.W.N.Tempelhoff
Prof. G.J.J.Oosthuizen
Mnr. H. Bütow
Prof. P. de Klerk
Prof. J.A . du Pisani
Dr. P.L. Möller
Mnr. P. Ryke
**Maart 2005**









Die bedrewe professionele ondersteunerspan agter die skerms.

*Kloksgewys van links bo: Martie van der Merwe (Formateerder), Mariana Venter (Taalversorger), Johanna Bornman (Argief), Annette Kelner (Argivaris), Estée Kelner (Grafiese kunstenaar, Argief), Piet van Maarleveld (Piet Fotokuns), André Geldenhuis (Lugfoto), Santie Pieterse (Grafiese Dienste), Marlize van Rooyen (Grafiese Dienste), Karen Botes (Grafiese kunstenaar), Patrick Mocke (Grafiese kunstenaar), Heilene Oosthuizen (Grafiese kunstenaar), Christina Harman (Grafiese kunstenaar), Louisemarié Combrink (Skilder) en Jaap Verhoef (Argief)*



